

“Die geringste van hulle”



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Mattheus 5:2-16 en verse 38-48; Romeine 12:20, 21; Lukas 16:19-31 en hfst. 12:13-21; asook Mattheus 25:31-46.

Geheueteks:

“En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen” (*Mattheus 25:40, OAB*).

Jesus het ’n medemens-gerigte lewe gelei, waarin Hy veral dié wat seerkry beleef het of dié wat verlore was, gehelp het. Dat Jesus moontlik baie oor naastediens te sê het, is ’n mens dus te wagte. Dit is dan ook die geval. Jesus se leer is prakties, en fokus op die vraag: wat beteken dit om ’n volgeling van God te wees? Derhalwe sien ’n mens dat Jesus ons in woord en daad tot regverdigheid, goedhartigheid en barmhartigheid aanspoor – die tipe dinge wat Hy Self ook op aarde gedoen het. As ons sy voorbeeld wil volg, sal ons net soos Hy naastediens verrig.

Jesus het ook oor die koninkryk van die hemel gepraat. In Jesus se beskrywing is daardie koninkryk ’n werklikheid, een waarvan ons nou reeds deel kan wees. Dit is ’n lewenswyse wat met ’n ander stel prioriteite en waardes as dié van aardse koninkryke werk. Jesus se leer bied ons ’n bloudruk van die koninkryk van die hemel; en lê onder andere sterk klem op hoe ons die Here moet dien, en hoe ons deur daardie diens ook by ander aansluiting vind. In Jesus se leer ontdek ’n mens ook dat naastediens – d.w.s. om in ander se behoeftes te voorsien en by opheffingswerk betrokke te wees – een van die maniere is om jou diens direk aan die Here te bied.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 24 Augustus.*

‘n Bekendstelling: Die bergpredikasje

Die Berpredikasje is Jesus se langste preek, oftewel reeks onderwysinge. Sy oorsig van die lewe in die koninkryk van God – wat oor drie hoofstukke strek – begin met ’n verklaring van die waardes wat in daardie koninkryk geld, en staan as die Saligsprekinge bekend.

Lees Mattheus 5:2-16. Wat is die gemeenskaplike faktor in hierdie nege tipes eienskappe (en die persone wat dit weerspieël) wat Jesus hier as geseënd beskryf?

Tesame met die diep-geestelike toepassings wat hierdie deel van die bergprediking het, is daar ook die praktiese implikasies wat ’n mens beslis nie uit die oog moet verloor nie. Jesus sê hier aan die gelowige: erken dat daar armoede in die wêreld en ook in jou binnenste is. Hy wys ons ook op die najaag van geregtigheid (oftewel die soeke “na wat reg is” [NAB] of “na wat voor God reg is” [NLV]); asook nederigheid, barmhartigheid, die soeke na vrede, en om rein van hart te wees. Ons behoort ons te vergewis van die praktiese verskil wat die uitleef van hierdie eienskappe in ons lewens en in die wêreld gaan maak. Dit is juis op so ’n praktiese vertolking wat Jesus klem lê wanneer Hy sy dissipels aanspoor om die sout en lig vir die wêreld te wees (*Matt. 5:13-16*).

Waar en wanneer sout en lig reg aangewend word, maak dit wel ’n verskil. Sout bring die smaak van die kos na vore, maar preserveer dit ook. Dit simboliseer die goeie invloed wat ’n mens op die mense om jou moet hê. Insgelyks verdryf die lig die duisternis. Dit bring struikelblokke en die gevare wat voorlê aan die lig. Dit maak huise, dorpe en stede veiliger in die nag, en stel ’n mens in staat om behoorlik jou weg deur die donkerte te baan, selfs al lê jou bestemming of bestemde voorwerp op ’n afstand. Soos ’n lig in die stikdonker nag is die tipe beeld wat Jesus in gedagte het waar Hy sê: “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik” (*Matt. 5:16, OAB*). Beide dié lig- en soutsimbole dui op die verantwoordelikheid wat die dissipel het om ’n invloed op die mense om hom of haar te hê, en hul lewens te verbeter. Ons is sout en lig wanneer ons die soort lewens ly wat op ’n gesonde wyse treur, wat rein van hart is, wat nederigheid beoefen, wat barmhartig teenoor ander is, wat vrede maak, en wat vervolging met hoop verduur. Jesus begin dus sy bergprediking met die oproep om die vergestaltung van hierdie “ondergewaardeerde waardes” – die waardes van sy koninkryk – te wees.

Vra jou af: Op watter maniere is ons gemeente aktief die sout en lig van die plaaslike gemeenskap? Hoedanig is ons gemeenskap nou beter daaraan toe vanweë die gemeente se werksaamhede? Hoe sal die gemeenskap daaraan toe wees as ons egter ons werksaamhede hier moet staak?

Om die kwaad met die goeie te oorwin

Dit is altyd 'n goeie idee om eers Jesus se gehore asook hul lewensomstandighede te identifiseer as 'n mens sy leer van nader wil bekyk. In die streke waar Jesus werksaam was, het Hy mettertyd groot gehore begin trek (*lees Matt. 4:25, 5:1*). Dié skares het meesal uit doodgewone mense bestaan, onderdane van die Romeinse imperiale stelsel, hoewel daar ook deurgaans 'n aantal Joodse geestelike leiers en gemeenskapsleiers was. Die gewone mense het vreeslik swaargekry en het oor bitter min dinge in hul lewens seggenskap gehad. Boonop is hulle swaar belas. Allerhande mensgemaakte tradisies het ook hul geestelike lewens bemoeilik. In die onderrig van hierdie mense skenk Jesus dus duidelik aandag aan 'n beter benadering tot die lewe – hoe om dit met waardigheid te doen, hoe om moed aan die dag te lê, ongeag hul omstandighede. 'n Voorbeeld hiervan is in Mattheus 5:38-48. Let op die dinge wat Jesus die mense hier aansê om te doen. Dit is al so oorbekend omdat dit idiomatiese uitdrukkings in Engels en Afrikaans geword het – “draai die ander wang,” “jou baadjie vir iemand uittrek,” en die Engelse “go the extra mile”. Die alledaagsheid van hierdie uitdrukkings ontnem egter Jesus se instruksies van hul radikaliteit – in woord en daad.

Die scenario's wat Jesus hier beskryf het, het baie van sy aanhoorders maar al te goed geken. Om liederlik deur jou sogenaamde “meerderes” of meesters aangerand te word; om jou eiendom vanweë skuld aan grondbaronne en skuldeisers oor te gee; om gedwonge arbeid vir die besettende Romeinse soldate van Rome te verrig – al hierdie dinge was alledaagse verskynsels vir die mense van daardie tyd. Hier leer Jesus die mense om met integriteit op hierdie dinge te reageer, om hul onderdrukkers beter te behandel as wat hulle verdien het om behandel te word, en om sodoende te keer dat hulle hul waardigheid prysgee. Hoewel die onderdrukkers deurgaans hul mag en gesag laat geld het, kon die ontvanger altyd kies hoe hy of sy daarop wou reageer. Wat meer is, deur lydelike verset en deur vrygewigheid kon hulle die gruwels van onderdrukking en onreg wat hulle aangedoen is, aan die kaak stel.

Vergelyk Mattheus 5:38-48 met Romeine 12:20, 21. Hoe kan ons hierdie radikale beginsels in ons lewens utoeleef?

Jesus het “die wet en die profete” in sy totaliteit – al die geskrifte wat vandag as die Ou Testament bekend staan – in 'n eenvoudige beginsel omskryf. Deesdae word dit somer kortweg die Goue Reël genoem: “Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen” (*Matt. 7:12, NAB*). Op watter maniere kan ons vandag reeds hierdie voorskrif uitvoer, ongeag die moeite en uitdagings wat dit bring?

Die goeie Samaritaan

Lees Lukas 10:25-27. Die wetgeleerde wat die vraag aan Jesus gestel het, het 'n standaard opsomming van die soort lewe wat vir God aanvaarbaar is, gegee. Hoe hou die twee dele van hierdie opsomming met mekaar verband?

Die kere wat mense met bepaalde vrae na Jesus gekom het, het Hy dikwels heel anders geantwoord as wat hulle verwag het. Klaarblyklik het vanmelewe se godsdienstige mense vreeslik baie tyd aan die bespreking van Levitikus 19:18 afgestaan – die voorskrif om “jou naaste lief te hê soos jouself” – seker om te bepaal hoe ver die begrip “naaste” gevoer kon word en waar die grense dan moet wees. Jesus het reeds probeer om sy volgelinge se begrip van dié woord te verruim. Derhalwe het Hy hulle aangespoor om nie net die persoon wat jou goedgesind is as jou naaste beskou nie, maar dat almal goed behandel moes word: “Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen” (*Matt. 5:44, 45, NAB*). Toe dié wetsgeleerde Jesus met 'n strikvraag probeer vang het, keer Hy dus terug na hierdie veelbewoë vraagstuk: “En wie is my naaste?” (*Luk. 10:29, NAB*). In reaksie op dié vraag vertel Jesus die gelykenis van die goeie Samaritaan. Uiteindelik is Jesus se antwoord op die wetsgeleerde se vraag, om nie die woord “naaste” te omskryf nie. Jesus se antwoord kom basies op die volgende instruksie neer: Gaan heen, en wees jy 'n naaste vir almal wat jou hulp nodig het” (*lees Luk. 10:36, 37*).

Lees Lukas 10:30-37. Jesus kontrasteer hier die drie karakters se reaksie op die man wat in nood verkeer. Hoekom is dit so betekenisvol?

Soos dit tipies die geval was met Jesus se leer, was sy felste kritiek gemik op dié wat belydende gelowiges was en tog min simpatie met ander se lyding gehad het. “Met die gelykenis van die goeie Samaritaan bring Jesus die aard en wese van ware godsdienste aan die lig. Hy toon dat dit nie oor stelsels, geloofsbelijdenisse of rituele gaan nie, maar oor die betoning van liefde en welwillendheid; om jou medemens die allerbeste te gee, om waarlik liefdadig te wees” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 497). In Jesus se leer wys Hy ons pertinent op die buitestaander, op persone wat volgens die algemeen-aanvaarde siening as “ongelowig” bestempel is. Met daardie buitestaander-figuur demonstreer Jesus waartoe sy Vader elke belydende volgeling roep. Wanneer ons na Jesus toe kom en wil weet wat ons moet doen om die ewige lewe te beërwe, ontvang ons op die keper beskou – net soos diegene wat sy leer destyds aangehoor het – dieselfde opdrag: gaan heen, en wees 'n naaste vir elkeen wat behoeftig is.

Lasarus en die ryk man

In die gelykenis van Lasarus en die ryk man (*in Luk. 16:19-31*) kontrasteer Jesus twee mans en hul lewens – die een ryk, en die ander brandarm. Met geen nasionale gesondheidsversekering, klinieke, daghospitale of sopkombuise nie, was dit algemeen vir die behoeftiges, die gestremdes of selfs vir enigeen wat om een of ander rede minderbevoorreg was, om destyds voor die rykes se huise te staan en bedel. Binne daardie tradisie is daar van die rykes verwag om vrygewig te wees, en ’n bietjie van hul rykdom te deel ten einde ander se swaarkry te verlig. In hierdie verhaal is die ryk man egter “uit pure selfsug apaties teenoor die behoeftes van sy sukkelende broeder” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 261). Vir die res van albei karakters se lewens het dit so gebly; maar dan, in die hiernamaals en in pas met God se oordele, word die bordjies verhang.

Vergelyk Lukas 16:19-31 met hfst. 12:13-21. In watter opsig stem hierdie twee gelykenisse ooreen en in watter opsigte verskil hulle? Wat is beide se oorkoepelende les?

Nêrens in dié gelykenis is daar enige aanduiding dat die ryk man sy welvaart onregmatiglik bekom het nie. Dalk het albei hard gewerk, versigtig met hul geldjies gewerk, en God se seëninge gesmaak. Tog loop dinge vir albei skeef. Hulle houdings teenoor God, die lewe, geld en hul naaste het duidelik in ’n stadium verander, en dit het hulle duur te staan gekom, hetsy in dié lewe of die toekomstige. Hierdie gelykenis gebruik die tipiese beelde waarmee die mense van destyds die hiernamaals verwoord het. Die punt wat hier tuisgebring word, is egter dat ons keuses op aarde ’n uitwerking op ons ewige lot het. Hoe ons reageer op diegene wat ons hulp soek of benodig, is belangrik. Daardeur, en ook op ander maniere, toon ons ons beweegredes en prioriteite. Dit is soos “Abraham” tereg aan die benoude Lasarus uitwys, naamlik dat die Bybel ’n meer-as-voldoende rigtingwyser is om reg te kan kies. Hy sê: “Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister” (*Luk. 16:29, NAB*).

Jesus leer dat die versoekings wat welvaart meebring – hetsy die begeerte daarna, die behoud daarvan, of die nastreef daarvan – ’n wig tussen jouself en God se koninkryk, asook tussen jou en jou medemens dryf; en dat ’n mens terselfdertyd verknog aan jouself en jou selfstandigheid raak. Jesus roep ons egter tot die soeke na sy koninkryk, en om God se seëninge met die mense om ons – veral die behoeftiges – te deel. Hierdie dinge kom eerste.

Geld, en selfs die voorliefde vir geld, kan maak dat ’n mens jou Godgewe lewensfokus uit die oog verloor. Hoe kan die gelowige daarteen waak, wat sy of haar geldelike situasie ook al mag wees?

“Die geringste van hulle”

’n Ander geleentheid waarby Jesus bes moontlik nie die verwagte antwoord gegee het nie, was tydens ’n preek wat in Mattheus 24 en 25 opgeteken is. Die dissipels gaan na Jesus en vra wanneer die geprofeteerde vernietiging van die tempel in Jerusalem asook sy wederkoms dan gaan plaasvind (*lees Matt. 24:1-3*). Jesus gee ’n breedvoerige antwoord en sluit af deur op bepaalde handelingte te wys – om dié wat honger is kos te gee; om dié wat dors is iets te gee om te drink; om gasvry teenoor vreemdelinge te wees; om dié wat naak is, te klee; om na die siekes om te sien; en om mense in die tronk te besoek. Dan gee Hy hulle die versekering: “As julle iets hiervan vir een van my broers of susters gedoen het, selfs al was dit vir die heel eenvoudigste onder hulle, het julle dit vir Mý gedoen” (*lees Matt. 25:40, 45; NLV*). Die teendeel is ook waar: As julle nagelaat het om hierdie dinge vir een van hulle te doen... het julle dit aan Mý gedoen. Hierdie onderwysing hou verband met die twee vrae wat tot Jesus se profetiese uiteensetting oor die eindtyd aanleiding gegee het. Jesus gee deurgaans in Mattheus 24 meer direkte antwoorde op die dissipels se vrae, met voortekens en waarskuwings oor die komende vernietiging van Jerusalem en die voleinding van die wêreld. Tog lê Jesus ook klem op iets onontbeerliks: om in aanloop tot sy wederkoms waaksaam te wees en reg te lewe. In die eerste deel van Mattheus 25 het ons die gelykenis van die tien maagde, waarmee Jesus ’n ernstige beroep op sy dissipels doen om hulle op ’n onverwagse of vertraagde wederkoms voor te berei. Daarna toon die gelykenis van die drie diensknegte hoe belangrik dit is om intussen ’n produktiewe en ’n finansiële-gedissiplineerde lewe te lei. Daarenteen noem die gelykenis oor die skape en bokke meer pertinent met watter soort take God se kinders hulle behoort besig te hou.

Lees Mattheus 25:31-46. Wat probeer Jesus hier tuisbring? Waarom is dit nie redding deur werke nie? Wat sê Hy vir ons hier, oor die volle omvang en ware betekenis van ’n reddende geloof?

Die stelling wat Jesus hier maak – dat naastediens eintlik op Godsdien se neerkom – behoort al ons verhoudings en houdings te transformeer. Stel jou dit voor: om vir Jesus vir ’n maaltyd oor te nooi, of om Hom in die hospitaal of selfs in die tronk te besoek! Dit is wat ons eintlik doen, sê Jesus, wanneer ons mense in ons gemeenskap help. Op dié manier skep Hy sulke wonderlike aanbiddingsgeleenthede vir die gelowige!

Lees biddend deur die Meester se leer in hierdie skrifgedeelte. Hier stel Jesus Hom so te sê gelyk aan dié wat geen kos of klere het nie, asook dié wat in die tronk sit. Hoe verstaan ’n mens dit? Hoekom is dit so ’n gewigtige taak en verpligting?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “The Good Samaritan” op bl. 497-505 en “The Least of These My Brethren” op bl. 637-641, beide in *The Desire of Ages*; “A Great Gulf Fixed” op bl. 260-271 en “Who Is My Neighbour?” op bl. 376-389, beide in *Christ’s Object Lessons*. “Christus breek die mure af, daardie liefde vir die eie-ek en nasietrots wat so skeiding bring. Jesus sê dat sy volgelinge die ganse mensdom moet liefhê en lig ons uit die klein kringetjie wat selfsug om ons trek. Hy bring territorialiteit tot ’n einde en doen weg met die kunsmatige skeidings wat die samelewing daargestel het. Hy tref geen onderskeid tussen naaste en vreemdeling, vriend en vyand nie. Hy leer ons om elke behoeftige persoon as ons naaste en die wêreld as ons diensveld te sien” (Ellen G. White, *Thoughts From the Mount of Blessing*, bl. 42). “Die goue reël is die groot maatstaf, dit is waaraan die Christen gemeet word. Laer standarde – al is dit net effens laer – is ’n verdraaiing. Die beoefening van ’n soort godsdiens waarin die mens gering geskat word – dieselfde mens wat vir Christus so waardevol was dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; ’n godsdiens wat ons apaties teenoor die behoeftes, swaarkry, lyding of regte van die mens stem – is nie die ware Jakob nie. As ’n mens nie reg laat geskied aan dié wat swaar- en seerkry nie, nie aan die lot van die sondaar dink nie, is jy ’n verraaiër. Jy toon daarmee dat jy Christus verraai het. Dit is hoekom die Christelike geloof nie juis veel impak op aarde het nie – ons bely die Naam van Christus, maar verloën sy [heilige] karakter” (Ellen G. White, *Thoughts From the Mount of Blessing*, bl. 136, 137).

Vrae vir bespreking:

1. Watter van die skrifgedeeltes wat ons vandeeweek bestudeer het, is jou gunsteling, en hoekom?
2. Let op die volgende sinsnede uit die E.G. White-aanhaling hierbo: “’n godsdiens wat ons apaties teenoor die behoeftes, swaarkry, lyding of regte van die mens stem – is nie die ware Jakob nie.” Die feit dat ons binne die Adventistegeloof die waarheid ontvang het, lei soms tot die wanopvatting dat dit al is wat saak maak. Hoe vermy ’n mens daardie slagat?
3. Ons sê dikwels dat ons “die waarheid het” – maar wat behels dit volgens die skrifgedeeltes in Donderdag se deel van die les?

Opsomming:

Jesus se leer toon ’n ander manier van leef vir diegene wat burgers en verteenwoordigers van Gods koninkryk is. Met die Ou Testament as grondslag bou Jesus voort op die idee dat ons na die armlastige en die onderdrukte moet omsien, en benadruk die feit dat sy volgelinge in afwagting op sy wederkoms lewens van medelye en genade moet lei.